



GRAAD 11 EKSAMEN
NOVEMBER 2007

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II
SKRYFVRAESTEL**

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Skryf die nommer van elke vraag bo-aan.
 4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
 5. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
-

AFDELING A**LETTERKUNDE ROMAN/NOVELLE/KORTVERHALE****BELANGRIKE INLIGTING**

Skryf die titel van die voorgeskrewe werk wat jy gaan bespreek telkens bo-aan elke antwoord.

Onthou: Indien jy dié jaar kortverhale gedoen het, moet jy die vrae eers noukeurig deurlees voordat jy besluit watter kortverhaal die geskikste is om te bespreek. Jy mag vir elke vraag 'n ander kortverhaal bespreek.

Jou beplanning maak deel uit van die assessering. Maak dus seker dat jy eers deeglik beplan voordat jy die finale antwoord neerskryf. Jy móét dus skriftelike bewys van die beplanning van elke vraag lewer.

VRAAG 1

Die volgende VRAAG moet in paragraafvorm beantwoord word.

Die **tema** van 'n verhaal is die grondgedagte, die kernidee van die verhaal. Jy kan jousef dus die volgende VRAAG vra: Waaroor gaan die verhaal nou eintlik?

Bespreek die tema en hoe dit uitgebeeld word in die voorgeskrewe werk wat jy hierdie jaar behandel het.

Gee in jou antwoord aandag aan die volgende:

- Begin jou paragraaf deur 'n opsomming (ongeveer drie sinne) van die tema van die voorgeskrewe werk te gee.
- Hoe sluit die titel van die voorgeskrewe werk by die tema van die verhaal aan?
- Hoe skakel die karakters en die agtergrond waarteen die verhaal hom afspeel met die tema?
- Watter karakter speel die grootste rol om die tema te belig? Verduidelik hoekom jy so sê.

Gee jou antwoord in paragraafvorm. Jou paragraaf moet 150-180 woorde lank wees.

Tydens assessering sal daar na die volgende kriteria gekyk word:

- Beplanning
- Standpunt, argument en gepaste motivering uit die teks
- Kritiese respons op die teks met betrekking tot die tema van die verhaal, taalgebruik en styl
- Akkurate skryfstyl (woordeskat, leestekens, sinstrukture, stylmiddels)

[10]

VRAAG 2

Ons het elkeen ons eie mening oor die verloop van 'n verhaal. Ons stem nie altyd met mekaar saam oor wat goed is en wat nie.

Lees die gesprek tussen Linda en Eric en beantwoord dan die vraag.



Bespreek **die rol van die verteller** in die voorgeskrewe werk wat jy hierdie jaar behandel het. Gee aandag aan die volgende punte in jou bespreking:

- Watter soort verteller kry ons by die voorgeskrewe werk wat jy behandel het?
- Is die verteller oortuigend? Hoekom sê jy so?
- Sou enige ander soort verteller (of 'n ander karakter as verteller) dieselfde rol in die verhaal kon gespeel het? Verduidelik.
- Noem minstens twee insidente in die boek om jou opinie te motiveer.

Gee jou antwoord in paragraafvorm (150-180 woorde).

Tydens assessering sal daar na die volgende kriteria gekyk word:

- Beplanning
- Standpunt, argument en gepaste motivering uit die teks as geheel
- Kritiese respons op die teks met betrekking tot die verteller in die genre, taalgebruik en styl
- Akkurate skryfstyl (woordeskat, leestekens, sinstrukture, stylmiddels)

[10]

VRAAG 3

'n Goeie boek of verhaal is een waarvan jy die storie nog lank kan onthou. Daar is dikwels 'n boodskap wat jy met jou kan saamneem – soms is dit die karakter(s), soms issues/kwessie wat aangeraak word, en soms is dit sommer iets van albei. Dit is dus nie wat ander mense oor die boek sê wat tel nie, maar hoe jy persoonlik daarvoor voel.

Een van die karakters in jou voorgeskrewe werk het 'n groot indruk op jou gemaak, hetsy positief of negatief. Jy leer dikwels meer oor 'n saak in jou eie lewe deur iets wat die karakters ervaar. Jy leer soms van 'n situasie in 'n karakter se lewe omdat dit baie dieselfde as jou eie lewe is. Dit gebeur egter ook dat jy iets leer omdat die situasie in die karakter se lewe heeltemal van joune verskil.

Kyk na die volgende twee lyste. In die eerste kolom is daar moontlike issues/kwessies wat in 'n boek aangeraak kan word en in die tweede kolom is daar 'n paar karaktereienskappe wat 'n karakter kan hê.

issues/kwessies

- besluite
- hantering van verskille
- wraak
- liefde
- draai die ander wang
- identiteit
- seerkry/emosionele pyn
- verhoudings
- grootword
- dwelms

karaktereienskappe

- leier
- verdraagsaam
- buitestaander
- sondebok
- planmaker
- boelie
- perfeksionis
- vriendelik
- volwasse

Vul die lys aan met issues en karaktereienskappe wat in die voorgeskrewe werk wat jy behandel het, voorkom.

Beantwoord nou die volgende responsvraag in opstelvorm. Jy moet 200-250 woorde gebruik (ongeveer 'n bladsy).

Bespreek 'n kwessie/issue in die boek en sê hoe dit met een van die karakters skakel. Gee aandag aan die volgende punte:

- Verwys in jou antwoord na die karaktereienskappe van die persoon en hoe dit die oorsaak is van die issue, of hoe dit die karakter help met die issue in sy/haar lewe.
- Onthou, jy moet net na die issue verwys, nie die storie oorvertel nie!

Vertel van 'n issue in iemand wat jy ken se lewe, wat aansluit by die issue wat in die boek voorkom.

- Verduidelik op watter manier die issues met mekaar skakel.
- Vertel watter raad jy aan die persoon wat jy ken, sal gee. Dié raad moet aansluit by dit wat die karakter in die boek sou help met sy/haar situasie.

Beplan eers deeglik op papier. Onthou: Daar word ook na jou beplanning gekyk tydens assessering.

[20]

40 punte

AFDELING B**TRANSAKSIONELE SKRYFWERK****VRAAG 4**

In ons land met sy reënboognasie het elke mens sy eie siening. Ons stem nie altyd met mekaar saam nie, maar tog moet ons mekaar se sienings en leefwyses respekteer.

Na die finaal van die Super 14 rugby-eindstryd vroeër vanjaar is een van die spelers van die Bulle met 'n *Jesus is King*-T-hemp afgeneem. Die foto het baie kommentaar uitgelok. Daar is uiteenlopende kommentaar oor dié optrede van die rugbyspeler gelewer. Baie mense het verskillende idees oor die saak gehad.

Lees die volgende brief wat in *Beeld* van 21 Mei 2007 verskyn het.



Briewe

Redakteur, Beeld
Auckland Park
2006

E-pos: briewe@beeld.com
Faks: 011-713-9956/7

Private sak X202
Pretoria
0001



Wie dink Jaco van der Westhuyzen is hy dalk?

Ek is ongelukkig net 'n sportliefhebber en nie 'n rugbykenner nie, maar ek wil bitter graag weet wat bepaal die Bulls se gedragskode en kleredragreëls insake eenvoudige en gedissiplineerde optrede deur spanlede.

Jaco van der Westhuyzen het hom reeds soos 'n tweejarige gedra toe hy op die rugbypale klim ná die wedstryd, maar 'n mens kon hom dalk nog verskoon dat hy so ongedissiplineerd optree sekondes ná die wedstryd.

Waar is die verantwoordelikheid en volwassenheid wat 'n mens van só 'n kaliber speler verwag? Het hy vir 'n oomblik gedink wat gebeur as hy daar afval?

En ten tweede, is dit enigsins in die span se belang dat 'n speler so iets doen?

Maar helaas, die arrogante, selfvoldane mannetjie gaan sowaar

en trek toe daardie T-hemp aan. Is daar nie gedragskodes nie?

Nie net verstuur hy die eenheid nie, hy dwing homself op aan duisende kykers ten koste van sy medespelers.

Dink hy regtig hy het die alleenreg op 'n Jesus is Koning T-hemp? Impliseer hy dat die ander spelers nie Jesus as Koning het nie? Dink hy die ander spelers, die ander span het nie ook gebid dat die Here hulle help nie?

Hy is so lief vir homself dat hy met nie een nie, maar twee bakers in sy hande, arms wyd oopgestrek plek inneem rég vóór die kameras! Ten koste van sy spanmaats. Vir ewig is sy spanmaats se foto's bederf deur hierdie selfbehepte man wat net seker maak dat hý publisiteit kry.

■ **Connie Fouché, Groblersdal**

Jaco van der Westhuyzen met die T-hemp wat hy ontbloot het na die wedstryd. Foto: JOHANN HATTINGH

Selfs al is jy miskien nie 'n rugbyliefhedder nie, het jy tog sekerlik ook 'n mening oor dinge wat in die sportwêreld aangaan.

Opdrag:

Skryf nou 'n brief aan *Beeld* waarin jy jou mening oor die saak gee. Onthou, jy kan daarvóór óf daartéén wees! Verwys in jou brief na Connie Fouché se brief. Jy moet dit duidelik stel of jy met haar saamstem of van haar verskil.

Die inhoud van jou brief moet ongeveer 200 woorde lank wees.

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- Begrip van inhoud van teks
- Interpretasie van opdrag
- Inhoud en idees
- Register en toon
- Korrektheid van formaat van 'n brief aan die pers

[30]**VRAAG 5****Situasie:**

Eindeksamentyd is nooit die beste tyd in 'n leerder se lewe nie. Jy is moeg ná 'n jaar se harde werk op die sportveld én voor jou boeke.

Vandag voel jy dat jy weens te veel werk nie tyd het vir jou vriende nie. Jy en jou beste maat het vir die eerste keer in 'n lang tyd baklei en jou hart is baie seer.

Twee weke gelede het jy egter die goeie nuus gekry dat julle gedurende die vakansie wat voorlê, na jou gunsteling vakansie-oord gaan. Jy dink die hele tyd daaraan.



Skryf nou TWEE dagboekinskrywings. Die een inskrywing moet **vandag** geskryf word terwyl die ander een **twee weke gelede** se situasie weerspieël. In die twee dagboekinskrywings moet jou uiteenlopende (kontrasterende) emosies duidelik blyk.

Die twee dagboekinskrywings moet saam ongeveer 150 woorde lank wees.

Die dagboekinskrywings moet

- geloofwaardig wees
- in die vorm van 'n regte/outentieke dagboekinskrywing wees
- in volsinne geskryf word

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- Kennis van vereistes van skryftaak
- Interpretasie van opdrag
- Inhoud en idees
- Register en toon

[30]**60 punte****Totaal: 100 punte**